*Donderdag* **25 Desember**

**Skrifgedeelte: Lukas 1:67-75 (AFR53)**
**Fokusgedeelte: Lukas 1:68-75**

**Die verbond: verlos in Christus om te dien**

Vandag kan ons sing van verlossing. Sagaria het ’n seuntjie ontvang vanaf die Here, maar hy sing nie soseer van sy eie seun nie. Sagaria sing van ’n ander Seun. Hy sing van Jesus Christus! Sagaria het besef dat dit is waaroor alles gaan – oor die Christus, die Messias.

So sing Sagaria dat die Here ’n horing van verlossing (vs 69) vir hulle opgerig het in die huis van Dawid.

’n Horing wys op krag. Ons kan dink aan ’n bees of aan ’n renoster – hulle krag is in hulle horings. Die krag van ons verlossing wat uit die huis van Dawid kom (vs 69), is niemand anders as ons Here Jesus Christus wat gebore is nie.

Sagaria sing ook oor nog iets – oor die verbond wat die Here opgerig het met sy volk (vs 72-73). Die Here het verlossing belowe in sy verbond, en dit het Hy gedoen. Hy het ’n kragtige verlossing bewerk in Christus, vir ons.

Dit gaan alles saam met die verlossing van ons vyande (vs 71, 74 – twee keer sing Sagaria daaroor). Geliefde, jy is verlos van jou vyande in Christus! Selfs al maak jou vyand jou liggaamlik dood, is daar verlossing vir jou in Christus, want jy gaan immers na Hom toe, na Christus toe (Fil. 1:23)! Hoe meer die Heilige Gees ons op Christus Jesus wys en sy heerlikheid, hoe meer word ons vry van ons vyande! Oordink dit.

Sagaria sing juis ook oor die doel van ons verlossing in Christus in die verbond van God met ons. In vers 74 word die doel genoem – om die Here sonder vrees te dien! In die verbond van die Here met ons, in Jesus Christus, is ons verlos van ons vyande, om Hom sonder vrees te dien. Dien die Here dan sonder vrees, in Christus.

*Sing: Psalm 100-1:1-3*

*Ds. R (Reinhart) Boersema (Vaalwater)*